2**1 Julie** **Skrifgedeelte: Daniël 9:1-19**
**Fokusgedeelte: DL, 5:4**

**Ek sal val as ek nie aan God vashou nie!**

God belowe dat Hy nie sal toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie en dat Hy ook die uitkoms sal gee as die versoeking kom. Hoekom sondig ons dan nogtans? Lê die fout by ons of by God? Die fout lê natuurlik by ons! Ons belydenis sê: “Die mag van God waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bekragtig en bewaar is so groot dat dit nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie.” Maar somtyds kies ons persoonlik om nie God se krag teen die versoekings te gebruik nie en dan val ons in sonde.

Dit is wat Daniël bely (vers 10-11) in sy aangrypende gebed waarin hy hom voor die Here verootmoedig oor sy volk se sondes: “Ons was nie aan U, Here ons God, gehoorsaam nie, ons het nie volgens u wil gelewe nie, u wil wat U deur u dienaars, die profete, aan ons gegee het. Die hele Israel het u wil oortree; hulle het afvallig geword en nie na U geluister nie. Daarom het U die vloek wat met ’n eed bevestig is en wat opgeteken is in die wet van Moses, die dienaar van God, oor ons laat kom. Dit is omdat ons teen U gesondig het.”

Sodra gelowiges willens en wetens nie volgens God se wil lewe nie val hulle in sonde. Dan is dit nie God se krag wat te swak was om hulle te bewaar nie, maar hulle wat gekies het om nie op God se krag te steun nie! Ons bely dus: “Daarom moet hulle voortdurend waak en bid om nie in versoekings gelei te word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot swaar en gruwelike sondes verlei word.” Onthou daarom ook vandag: Ek sal val as ek nie aan God vashou nie!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~~